

# Groter as mediese genesing

Teks: Lukas 17: 11 - 19 & Heidelbergse Kategismus Sondag 10  
Teksvers: Lukas 17:13

## 1. Inleiding

Die jaar 2020 sal verseker 'n jaar wees wat ons almal nog lank gaan onthou. Want net toe ons dink dit kan nie eintlik veel slegter gaan met die ekonomie nie, toe tref die corona of eerder covid 19 ons. Nou moet ons in afsondering leef, en die ekonomie kry sommer nog so 'n ekstra dwarsklap by. Daarby is dit natuurlik die eerste keer in die geskiedenis van Suid Afrika dat daar sulke kwarantyn maatreëls ingestel word.

Die vraag is nou natuurlik, wat maak die kerk van die Here hiermee. Hoe staan ons teenoor iets soos die corona-virus en die maatreëls wat die regering ons opgelê het. Baie gemeentes in ons kerkverband beleef krisis omdat hulle nie eredienste kan hou nou. Ons is die 100 lidmaat reëling gespaar, omdat ons in skande moet erken dat van die 140 lidmate op die boeke hier nooit meer as 70 of 80 bymekaar in 'n erediens is nie.

Maar hoe staan die kerk teenoor hierdie gebeure. Daar is die dwaaleer wat deur pinkster groepering versprei word. Dit sluit in enige-iets om in die woorde van Psalm 91 die bloed van Jesus af te bid oor die land of jou huis. En dan te glo dat die virus nie hier sal kom nie. Hierdie optrede laat op die ou einde net rooigesigte wanneer die virus wel, soos nou, hier is. Daarom is hierdie boodskappe Godslasterlik en moet ook so skerp deur ons veroordeel word.

Tog kan ons nie soos mense in die week op radio heeltmal die geestelike onttrek van hierdie saak nie. Dit is nie iets wat suiwer wetenskaplik opgelos kan word nie. Inteendeel as 'n mens se geestelike lewe nie groei deur hierdie beproewing nie, dan is dit eers hartseer. Amper so hartseer soos 9 melaatse mans wat geen dankbaarheid betoon na hulle genesing nie. Welkom in Lukas 17, kom ons leer iets vandag uit die woord van die Here, oor afsondering, genesing alles in die hand van die Here.

## 2. Afsondering

<sup>45</sup>“Iemand wat 'n siekte het wat hom onrein maak, moet geskeurde klere dra en sy hare onversorg laat. Hy moet ook die onderste deel van sy gesig bedek (met ander woorde 'n gesigmasker dra) en uitroep: 'Onrein! Onrein!' Hy bly onrein solank hy die siekte het. Hy moet dan ook in afsondering lewe en buite die kamp bly.”

Dit klink amper of hierdie woorde uit 'n berig in die nuus hierdie week kom. Maar wat ons hier gelees het is lewities 13:45-46. En miskien bewys dit juis dat die woord van die Here en moderne wetenskap en gesondheidsorg nie sover van mekaar verwyderd is as wat ons soms dink nie. Want hierdie voorskrifte is dan juis dit wat gegeld het vir mense wat 'n velsiekte onder lede gehad het. Die bekendste velsiekte in die Bybel is melaatsheid wat ook hoogs aansteekbaar is. En dit is natuurlik die rede vir die kwarantyn wat hierdie mense opgelê was.

Dit is waar ons die tien mans in vandag se teksgedeelte aantref. Hulle woon in kwarantyn verwyder van die samelewing. Sien hoe anders as vandag se godslasterlike omgaan met die siekte. Daar word nie beweer dat hierdie mense die straf op een of ander sonde ontvang het nie. Die Here word nie beveel om eenvoudig hierdie mense te genees omdat 'n gelowige of 'n pastoor so sê nie. Daar is ook nie 'n profesie oor die skielike verdwyning of kuur vir melaatsheid nie.

Nee hierdie mense is siek want hulle leef soos ons na die sondeval in 'n gebroke wêreld. Hulle lei weens die effek van die sondeval. Daar is nie enige vinnige oplossing vir hulle nie, die bepaling van afsondering moet maar elke dag deur hulle uitgeleef word, al moet hulle dit doen tot aan die einde van hulle aardse lewe. Tog sien ons steeds die geloof en kerk 'n rol speel in hulle omstandighede. Die duidelike bepaling dat hulle deur 'n Priester rein verklaar moet word in vers

14. En dan die middelpunt van hierdie teksgedeelte. Die ontmoeting met die Here Jesus Christus, is 'n bewys van die kerk se rol in hierdie omstandighede.

### **3. Die kans op genesing**

Skielik lyk dinge vir hierdie tien mans anders. Dit begin draai, want hulle sien iemand wat dalk genesing en 'n uitkoms uit hulle situasie kan bring. Maar dan dadelik die kontras met dit wat ons in geloofskringe vandag beleef. Hier is nie 'n arrogante bevel aan Jesus, dat Hy hulle eenvoudig moet genees nie. En dan kan daar natuurlik ook maklik gesê word, dat hierdie gebeure nog voor die kruisiging plaasvind. Christus is nog letterlik oppad na die offer wat Hy gebring het vir al ons sondes.

Maar deur dit alles te sê beteken dat ons nie rekening hou met die presiese woorde van die skrif nie. In vers 13 word die woord Meester gebruik as aanspreekvorm vir Jesus. En as ons bietjie ingrawe in die tyd en omstandighede, dan sien ons dat Meester 'n aanspreek vorm is, wat gebruik is deur volgelinge. Dit is gebruik deur dissipels om na hulle leermeester te verwys. Dit is 'n respekvolle agting vir iemand groter as ek, waarby ek graag iets wil leer. Dit is nie die arrogante versoek van die duivel in Matteus 4:6 aan die Here nie. "As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie."

Nee, hierdie mans smee in nederigheid om genade by iemand wat hulle situasie kan verander. Hulle woord keuse getuig van iemand wat 'n versoek rig op iets wat hy glad nie verdien nie. En op 'n manier is dit eintlik presies waar ons is as sondige mense in 'n gebroke wêreld is. Ons sonde verdien die dood, selfs al kom dit deur die covid-19 virus. Maar dan is daar genade. Genade in die hande wat alles geskep het en steeds tot vandag toe in die fynste besonderhede onderhou.

### **4. In die hand van die Here**

Sien dit is geen toeval dat hierdie mans op daardie dag die Here raakgeloop het nie. Hulle deur die gees gely na die waarheid. Dit is waar vraag 28 alreeds neerslag vind in hulle lewens. Hulle was in hulle teëspoed geduldig. En dan bepaal God wat alles geskep het en nog deur sy voorsienigheid onderhou dat hulle pad met die Christus kruis. Gesondheid en siekte kom nie per toeval oor hulle lewe nie, maar uit die vaderhand alleen.

Dit is waar ons ook vandag staan met corona. Dit is nie maar toevallig dat ons hier in 2020 in Phalaborwa hieraan uitgelewer is. Want al voel alles dalk anders om ons, is God steeds in volle beheer van alles wat om ons en ook met ons gebeur. Daarom moet ons ook in hierdie teëspoed geduldig wees. Want ons weet ons verlossing in hierdie lewe en ook die een hierna lê net by die Here alleen

Maar dit bring ons by die laaste aspek van hierdie saak. Dit wat ons in vraag 28 sien in die woorde in voorspoed dankbaar. In die genesing van die tien melaatse manne is dankbaarheid juis die een ding wat die verskil maak. Ware geloof geskied nie sonder dat dankbaarheid daarop volg nie. Hierdie dankbaarheid voltooi die proses van verlossing vir hierdie een geneesde man. Hy het die voorreg om van die Verlosser die woorde: "Jou geloof het jou gered" te hoor.

Dit is die vraag natuurlik ook aan ons vandag. Hoe dankbaar was ons in die tye van voorspoed in die verlede. Het ons werklik hierdie dankbaar tot eer en verheerliking van die Here uitgeleef? Was ons verlossing in die Here werklik iets wat prioriteit geniet het in ons lewens? En dan natuurlik wat gaan ons doen wanneer al hierdie dinge verby is. Gaan ons 'n dankbaarheidslewe ly tot eer en verheerliking van die Here. Of wanneer ons hierdie keer weer uitgered word, gaan ons lewens maar wees soos die 9 ander mans.

### **5. Slot**

Ons kan hierdie preek afsluit deur te sê dat die covid-19 virus verseker nie sommer buite rekening gelaat kan word nie. Ons moet die saak met verantwoordelike liefde teenoor ons naaste benader. Dit beteken ook om hulle nie sommer deur my nalatigheid te besmet nie. Die is immers ook wat

die sesde gebod van ons eis. Maat dan is daar die ander ekstreem. Die gedagte dat hierdie virus ook buite die beheer en mag van die Here is. En dit is ernstige dwaalleer. Dit is om die voorsienigheid van die Here heeltemal te ontken. Om glad nie rekening te hou met die waarheid wat Sondag 10 ook vir ons onderstreep nie.

Maar soos ons ook duidelik gesien het staan ons ook nie in gesag bo die Here nie. Ons moet ook in alle nederigheid soos die 10 melaatse mans tot Hom nader met ons versoek om hulp en genesing. Gelukkig is die troos steeds daar dat God Sy eniggebore Seun nie gespaar het nie, maar Hom in ons plek laat offer het aan die kruis. Sodat al ons sondes vergewe kon word.

En dit is dan die gedagte waarmee ons afsluit. Ons hemelse Vader, Hy wat alles geskep en elke dag nog onderhou het ons so lief dat Hy Sy eniggebore seun geoffer het vir ons sondes. Sal die Here dan nie saam met hierdie verlossing ook vir ons alles anders gee wat nodig is om Hom te loof en prys nie? Want selfs al sou ons sterf aan hierdie siekte is ons nogsteeds veilig in die hande van die Here. Sien ons Here is werklik groter as blote bonatuurlike mediese geneesheer.

Amen